



BORRELKLUB NUUSBRIEF

Eerste Kwartaal | Uitgawe 5 | Datum: 4 Maart 2019

VERLEDE SONDAG ...

Die afgelope Sondag het ons gepraat oor Donkie- en ander diererekords.

Ons het geleer dat daar wel in God se Boek van Wêreldrekords 'n geval van 'n pratende donkie aangeteken is.

Ons lees daarvan in Numeri 22.

Koning Balak van Moab het gehoor hoe dat God die Israëliete gehelp het om hulle vyande te verslaan en hy was baie bang.

Hy het toe 'n vals profeet met die naam van Bileam uit 'n ander land laat roep om God se volk te kom slegsê.

God het egter aan Bileam verskyn en hom verbied om saam met die boodskapper na Moab te gaan.

Die koning het egter weer boodskappers gestuur, en hierdie keer het God gesê dat Bileam kan gaan, maar dat God vir hom sou sê wat om te doen.

Bileam het egter sy eie planne gehad. God het toe kwaad geword en 'n engel met 'n swaard gestuur om vir Bileam en sy donkie voor te staan.

God het toe ook die donkie se oë oopgemaak om die engel raak te sien, en so Bileam se lewe te spaar.

Bileam het toe die volk oor en oor geseën soos wat die Here hom beveel het.



GESELS SAAM BY DIE HUIS

Lees saam as gesin ook Jona 1 waar die Here 'n groot vis gebruik het om vir drie dae lank 'n man in sy maag te hou. Dink ook nog aan ander diererekords.



Daar is niks lekkerder as om 'n aand af te sluit met 'n mooi storie nie!

TENTJIE-AAND!

Ai, en was dit nou nie 'n heerlike ervaring nie.

Baie dankie aan al ons ouers wat vanaf 17:00 af aangekom en tent opgeslaan het. Die terrein het sommer soos 'n feeskleed gelyk.

Die kinders het die speletjies en die skattejag baie geniet. Die aandete het die kroon gespan met die worsbroodjies, stokbrood en stroop en braai van marshmallows. Dankie ook aan Sandra en Anne-Mari wat die kos aangekoop en gebring het.

1000de Dankies aan al die staatmaker Borrel-leidsters wat speletjies uitgedink het, saam gespeel het en ook bereid was om in te spring met die bediening van die kos.

Ons bring al die dank en eer aan ons Hemelse Vader vir sulke wonderlike geleenthede wat Hy oor ons pad bring en vir die heerlike weer!

Hierdie Nuusbrieff is die laaste een vir hierdie kwartaal, omdat ons ons werksaamhede vir hierdie eerste kwartaal eerskomende Sondag afsluit met 'n Skattejag.

Ons heropen weer op Sondag, 7 April.

ONS LEIDSTERS: Karin Van Niekerk is een van twee Borreltannies by die graad 1's. Sy doen die naam van die Borrelklub gestand, omdat sy elke Sondag help met die lofprysing en met haar entoesiasme die kinders net doodeenvoudig saamsleep. Sy is ook te enige tyd bereid om in te spring en waar nodig, gebruik te word, selfs op baie kort kennisgewing. Ons is so gelukkig om haar by ons te hê. Al is sy getroud met self twee kinders, leef sy nogtans haar passie vir die Here, by die Borrelklub uit.